CACHET APTEEK

U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Gruot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

JAARGANG XXXV NOMMER 8 28 MAART 1980

# Argentynse span op PU

**PU vir CHO is die gasheer van 'n gekombineerde Argentynse Universiteitsrugbyspan vanaf Sondag 6 April tot Donderdag 10 April. Op Maandag 7 April speel die span teen die PU se eerste span. Die wedstryd sal op Olënpark plaasvind en begin om 16h00.**

Die toerspan staan bekend as CUBA (Combined Universities of Buenos Aires). Volgens gerugte sal spelers uit dié toerspan, asook spelers uit twee ander Argentynse spanne tans op toer deur Suid-Afrika, die internasionale span (PUMAS) uitmaak wat 'n paar weke later as Suid-Amerika twee toetswedstryde teen Suid-Afrika kom speel.

Op Maandag 7 April sal hier 'n groot rugbyfees by die Universiteit aangebied word. Gedurende 7 tot 12 April bied die PU se rugbyklub 'n afrigtingskursus vir twaalf uitgesoekte hoërskoolspanne aan. Die twaalf skole se eerste spanne speel op 7 April vanaf 10h00 ses voorwedstryde, voor die hoofwedstryd tussen die PUKKE en CUBA om 16h00 begin.


Die aanbieding van die toerwedstryd kos die PU-rugbyklub duisende rande en 'n beroep word op alle studente in die omgewing gedoen om die wedstryd te adverteer en te kom ondersteun. Toegangsgelde sal R2 vir volwassenes beloop en R1 vir studente, skoliere en nasionale dienspligtiges.



*Tydens die PU-tenniskampioenskappe gehou op Saterdag 22 Maart het Elbie Kruger 'n driekuns behaal deur die dames enkel-, dubbel- en die gemengde spelle te wen. Berig op bl. 7.*

# Trapkar maak naam

**BEITBRUG — Waar Suid-Afrikaanse soldate tot kort gelede nog in 'n internasionale geskil by Beitbrug op die grens tussen Rhodesië en Suid-Afrika betrokke was, gaan die PU se trapkarklub Maandag begin met hulle aanslag op die wêreld se trapkarrekord.**





*Die Rijger, een van die drie trapkarre wat 'n wêreldrekord van 1964 km agter die PU se naam wil skryf. Die ander twee karre is die Drommedaris en die Goede Hoop.*

'n Span van net sestien trappers gaan poog om van Beitbrug af tot in Kaapstad — 1 964 kilometer — met die trapkarre te ry. Die toer gaan — as alles goed verloop — tien dae duur.

Mnr. Rudolph Burger, woordvoerder van die trapkarklub, het gesê hulle gaan op elke dorp waar die trapkarre aandoen deur die burgemeester ontvang word. 'n Seëngroet wat deur die rektor, prof. Tjaart van der Walt, geskryf is gaan by elke dorp oorhandig word.

In Pretoria word die Pukke op Kerkplein deur die burgemeester ontvang in en Kaapstad, waar die toer eindig, word die trappers in die Kasteel aan die einde van die lang tog ontvang. Die Hoof van die Kommandement Westelike Provinsie gaan die geleentheid ook bywoon.

Woensdag, 2 April, 'n dag voordat die universiteit sluit, word die trappers in Potchefstroom voor die stadsaal verwelkom. Dit word bereken dat die trappers omstreeks 15h50 in Potchefstroom sal aankom.

Die trapkarre van die PU gaan ook die hoë Du Toitskloof-pas aandurf.

'n Span van 23 dames van verskillende koshuise gaan die trappers vergesel om reklame te doen.

# Erekleure bespreek

**Die Akademeise Raad het tydens die vergadering op 17 Maart weereens die probleem van akademiese erekleure bespreek. Alhoewel die reglement vir die toekenning van dié erekleure lankal reeds goedgekeur is, is die praktiese toepassing daarvan nog altyd verhinder.**

Die reglement vir die toekenning van akademiese erekleure maak 'n onderskeid tussen volle erekleure en merietekleure. Laasgenoemde word toegeken aan eerste- en tweedejaars wat hulle jaar met 'n gemiddelde van 75% slaag. Om te kwalifiseer vir die volle erekleure moet 'n student albei hoofvakke met onderskeiding slaag of sy graad met lof behaal. Studente wat 'n nagraadse kursus met lof slaag, kom ook in aanmerking.

Besware is egter gelug van die kant van dosente, omdat daar nie voorsiening gemaak is vir diplomastudente nie. Daar word ook nie voorsiening gemaak vir studente met meer as twee hoofvakke nie, terwyl sekere kursusse (bv. LL.B.) nie hoofvakke het nie.

Die akademiese Raad het besluit om die reglement te laat herskryf. Alhoewel dit 'n verdere vertraging teweeg sal bring, sal dit die probleme vir eens en vir altyd oplos. Alle persone wat sedert 1977 gekwalifiseer het vir erekleure sal dit egter so gou as moontlik ontvang.

# Mosie deur SR aanvaar

**'n Mosie van wantroue teen die Matie-SR is Donderdag 20 Maart ingestel en aanvaar.**

Nadat vyf lede van die SR bedank het, is 'n massavergadering gehou waar die mosie van wantroue deur die oorblywende agt lede aanvaar is.

Daar is egter ontevredenheid onder die studente oor die manier waarop die massavergadering gelei is. 'n Klagte is Vrydag by die SR-kantoor ingedien oor beweerde onreëlmatighede wat die massavergadering onwettig sou maak.

Die uitslag van die klagtes en 'n moontlike massavergadering om die saak te bespreek, sal bepaal of daar 'n ander SR-verkiesing gehou sal word.

## Intekengeld te veel

**Die Wapad het 'n omsendbrief aan die koshuise gestuur waarin die bedrag van drie rand per persoon as intekengeld op Die Wapad gevra word. Dit is egter nie korrek nie. Die Koshuisraad het op 8 Oktober 1979 besluit dat elke koshuis een rand per persoon moet betaal. Daar is ooreengekom dat hierdie geld aan die begin van die jaar as deel van die koshuiskas ingevorder word. Dit sal dus uit die koshuiskas op Die Wapad se rekening inbetaal word. Die Wapad versoek die koshuise dat hulle die geld indien moontlik voor einde Mei moet inbetaal by die SSR-penningmeester of anders die saak met die kernredaksie moet opneem.**

# Eiergooiers vervolg

**Die eiergooiery wat vroeër vanjaar tydens die "uitgooi van die SSR" in die amfiteater plaasgevind het, het ernstige gevolge gehad — oortreders is geïdentifiseer en voor die dagbestuur van die SSR gedaag.**

Die adjunk-voorsitter van die SSR, mnr. Jan Botha, het die seniors voor die voorval op moontlike gevolge gewys en hulle gewaarsku dat geen eiergooiery geduld sal word nie. Sekere studente het egter die waarskuwings verontagsaam.

Agtien SSR-lede, tradisioneel aan die kant van die eerstejaars, het teen ongeveer drieduisend seniorstudente te staan gekom. Van die noordekant het eiers begin reën en die skade wat aangerig is, het tot gevolg gehad dat een van die SSR-lede nuwe PU-baadjies moes aanskaf.

Mnr. Jan-Louis du Plooy, tans voorsitter van die SSR, beskou dié gedrag as "suiwer barbaars" en gedrag wat 'n Pukstudent nie waardig is nie.

Enige student wat hom aan sulke gedrag skuldig maak, sal PU-kleure en stemreg verbeur.

In die toekoms sal eierkomitees aangestel moet word om sulke oordrewe toneelspel te beheer.

Tommy se platewinkel
Checkers-sentrum 4C
Tel. 23683
Kom besoek ons vir al jou luistergenot. Wat ookal jou smaak is — ons het dit!

# Beeldende Kunste Letterkunde Musiek Teater



# "Fiddler" groot sukses

Thea Cloete

**Die musiekblyspel "Fiddler on the Roof" is die week van 17 Maart deur die Departement Spraakleer en Drama van die Potchefstroomse Universiteit onder regie van dr. Peet van Rensburg opgevoer.**

Met hierdie opvoering het hy sy slag as voortreflike regisseur getoon.

Dit is 'n veeleisende stuk omdat dit 'n samestelling van indiwiduele en groepspel, van gesprek en sang is, met 'n baie groot rolbesetting. Joe Coetzee was verantwoordelik vir die baie geslaagde en opmerklike dekor. Die beplanning en bou daarvan is sodanig gedoen dat die tonele flink verwissel kon word.

Alle spelers het baie goed vertoon en sommiges het uitgeblink. 'n Speler wat spesiale vermelding verdien, is die hoofspeler, André-Jacques van der Merwe, wat meesterlike spel gelewer het.

Verdere puik spelers is Roeloff van den Berg, Gerrit Schoonhoven en Berenice Duvenage. Ander spelers sou ook genoem kon word — ek sonder alleenlik die heel bestes uit.

Die koorgedeeltes was goed en die orkes het pragtige begeleiding gelewer. Die klank kon miskien hier en daar beter gewees het.

Die Departement Spraakleer en Drama, en veral die regisseur, kan trots wees op hierdie aanbieding — Fiddler on the Roof stel hoë eise.

Dat ons universiteit die nodige groot aantal spelers, tegnici en ander bystand kon vind om van "Fiddler on the Roof" 'n sukses te maak, strek ons tot eer.



Pottebakkerswerk in 'n verskeidenheid vorme, teksture en tegnieke is kenmerkend van Dale Neke se werk wat tans op die PU uitgestal word.

# Uitstalling in foyer

**Drie pottebakkers en 'n waterverfkunstenares stal tans in die foyer van die PU-Kamertoneel uit.**

Wendy Amm se werke getuig van 'n baie goeie waterverftegniek. Sy spits haar toe op landskappe, maar bied tog 'n groot verskeidenheid daarin aan. Sy maak gebruik van feitlik alle kleure en dit is veral haar seetonele wat aandag trek, terwyl die enkele boomwerke ook iets besonders is.

Die drie pottebakkers gebruik elkeen 'n onderskeidende tegniek.

Eric Hovarth trek aandag met fyn porseleinpotjies en -bakkies. Die liggroen en -blu vertoon besonder deftig.

Dale Neke se potte is hoofsaaklik racuwerk. Die potte het 'n growwe voorkoms maar is tog baie fyn en dun gemaak. Die "landskapteëls" wat in kombinasie met droë gras en blommetjies gebruik is, val besonder op met die interessantheid daarvan.

Subtiele kleure en strelende vorme is die kenmerk van Susan Annandale se potte. Sy maak min gebruik van glasuur en kombineer dit dan ook met ongeglasuurde oppervlaktes.

In die geheel getuig die uitstalling van fyn vakmanskap en 'n voorkeur liefde vir die besondere media.

Die uitstallings is daagliks van 08h00 - 13h00 en 19h00 - 22h00 te sien. Die lokaal is nie altyd oop nie; toestemming om die kunswerke te besigtig moet by die Dramadepartement verkry word. Die uitstalling duur tot 2 April.

# Wanopvattings bespreek

**"Perspektiewe op homoseksualiteit" is die naam van 'n boek wat onlangs deur die Boschendal Uitgewery vrygestel is. Die boek stel hom ten doel om heelwat van die bestaande wanopvattings oor homoseksualiteit uit die weg te ruim.**

Die boek is geskryf deur 'n sosioloog, 'n voorligter-terapeut, 'n teoloog en 'n genetiese psigiater. Dit is die eerste publikasie van dié aard wat in Suid-Afrika verskyn.

Dit wil die situasie uit verskeie oogpunte belig en gevolglik bots die uitsprake van die verskillende skrywers. Die boek poog dus nie om finale antwoorde oor die onderwerp te verstrek nie, maar slegs om 'n gesonde gesprek daaroor aan die gang te sit.

"Al vier die skrywers verwerp die verderflike gebruik om iemand te klassifiseer as "n homoseksueel' waardeur die essensie van die persoon vervang word deur 'n onvolledige, seksuele etiket ten koste van sy waardigheid as volle mens," aldus die resensent.

Hulle is dit egter eens dat die homoseksueel slegs van die heteroseksueel verskil in die keuse van sy liefdesobjek en hoegenaamd nie in die kwaliteit van sy menswees nie.

Die boek is bestelbaar by Boschendal-uitgewery, Posbus 487, Durbanville 7550 teen R9,00 posgeld, AVB ingesluit.




Iris du Preez nooi almal hartlik uit na

**"DIE VRUGTEMANDJIE"**

Checkers-sentrum 4B — Tel. 24203

Alle soorte droevrugte, neute en lekkers
Eksklusiewe geskenke wat die student se sak pas.
Sjinese artistrie
Swazi-mandjiewerk asook ingevoerde mandjiewerk.


# Knox was moeite werd

Anne de Beer

**Die eerste Collegium Musicum-konsert van die jaar het op Donderdag 20 Maart in die Konservatoriumsaal plaasgevind.**

Barbara Knox (sopraan) en Dianne Coutts (klavier) het opgetree. Hulle het werke van Mozart, Schumann, Schubert, Sibelius en Rimsky-Korsakov voorgedra.

Dat dié twee dames wel talentvol is, is gewis. Die begeleiding van mej. Coutts verdien veral 'n pluimpie — sy het deurgaans goed ondersteun. Mej. Knox se optrede was by tye nie na verwagting nie. Sy het gesukkel om kontak met die gehoor te maak en werklike uitdrukkingsvermoë het by sommige liedere ontbreek. Haar diksie was baie goed. Die partiture wat sy by geleentheid gebruik het, het haar vertolking benadeel. Haar invalle was ook nie altyd honderd persent korrek nie.


Nietemin was daar baie mooi oomblikke wat die aand die moeite werd gemaak het.


**FAURAI-BLOEMISTE**

Checkers-sentrum

*Alle ruikers, potplante, troues.*

*Spesiale afslag vir studente.*


Hannes du Plessis het slegs enkele koperwerkies op sy uitstalling in die Frans du Toit gehad. Op die oog af lyk dit klein en onindrukwekkend, maar by nadere ondersoek is die goeie beplanning en noukeurige afwerking treffend.

# Russiese tjellis besoek PU

**Die eerste Meesterskonsert van die jaar word deur die Oude Meester-Stigting vir Uitvoerende Kuns aangebied.**

Die kunstenaars wat by die geleentheid sal optree, is die Moskouse tjellis en wenner van die Tjaikowskikompetisie, David Geringas. Julian Lyell-Dawson sal Geringas op die klavier begelei.

Hierdie konsert vind plaas op 15 April — die dag waarop die universiteit na die herfsreses heropen.

Plekbespreking kan gedoen word by die Konservatorium, by die Inligtingsburo op die kampus en by die besprekingsdiens van Johan Claasen in die dorp.




**Model-skoenwinkel**

Checkers-sentrum

en

Skoensentrum, Kerkstraat

*Vir die jongste modes in skoene*

# ASB-onkunde by studente

**Mnr. Jan-Louis du Plooy, SSR-voorsitter, meen dat daar 'n algemene onkunde onder studente oor die ASB heers. Studente disaffilieer uit onkunde en as gevolg van politieke uitsprake van die ASB.**

Mnre. Du Plooy en Mulder het koshuise besoek om studente in te lig oor die disaffiliasie van die ASB en om beter skakeling met die studente te bewerkstellig.

Die struktuur en politieke uitsprake van die ASB veroorsaak ontevredenheid onder die studente. Daar is nie terugvoering vanaf die studenteraad na studente oor ASB-aangeleenthede nie. Die ASB se doel is om gesprekke oor ASB-aangeleenthede onder die studente aan te wakker.

**ONTVANGS**

Dit is die eerste keer in 'n lang tyd dat die SSR-voorsitter koshuise besoek. Mnr. Du Plooy sê hy waardeer dit dat mense gebruik gemaak het van die geleentheid om met hom te skakel, maar dit is net so jammer dat sommiges dit nie gedoen het nie.

Mnr. Du Plooy sê hulle is swak ontvang deur sommige koshuise soos Over de Voor, Liberalia, Makouvlei, Klawerhof, Oosterhof en Karlien, wat by hom 'n baie swak indruk geskep het.

Verder is hulle goed ontvang en kon lewendige debatte voer. Die besoeke aan Hombrè en Caput was baie bevredigend. Die mans het meer vrae aan hom gestel en het ook aktief van hom verskil — wat hy baie op prys stel. Op die manier kan hy hulle probleme aanvoel.

Die dames toon gunstige reaksie oor Fiesta, 'n ASB-projek. Daar heers by die dames egter 'n groter onkunde oor ASB. Dit blyk uit die min vrae wat hulle aan mnr. Du Plooy gestel het.

Mnre. Du Plooy en Mulder se besoeke toon reeds gunstige reaksie. Minder studente disaffilieer hulle van die ASB as in die verlede.



*Mnr. en mev. J. Schutte, koshuisvader van Wag-'n-Bietjie en sy gade, verlaat die koshuis na agt jaar se aktiewe diens aan die studente. Mnr. Schutte tree in Julie amptelik af as registrateur van die PU vir CHO. Dr. Theuns Eloff is moontlik sy opvolger.*

# Gradedag skakel tussen samelewing en universiteit

Dr. J.G. Garbers, die President van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, het daarop gewys dat 'n geleentheid soos gradedag die samehang tussen 'n universiteit en die opleiding wat hy aanbied en veranderinge wat hom in die samelewing afspeel sowel as ander strukture wat in die samelewing ontstaan illustreer.

As gevolg van die feit dat daar voortdurend en teen 'n hoë tempo nuwe kennis beskikbaar gestel word, kennis in toenemende mate in die samelewing gebruik en toegepas word, kommunikasie verbeter sodat mense by alles wat in die wêreld gebeur, betrek word, sowel as die groot mate van arbeidsverdeling, word dit nodig om gespesialiseerde universitêre opleiding vir 'n groot verskeidenheid beroepe aan te bied.

Dit blyk egter dat daar voortdurend kritiek uitgespreek word teen beroepe en by implikasie ook teen die opleiding vir dié beroepe omdat daar nie genoeg geleentheid is vir nuwe probleme en eise wat in die samelewing bestaan nie, dat nie genoeg gebruik gemaak word van die kennis wat beskikbaar is nie en dat daar nie genoeg openheid getoon word vir ander beroepe en die bydraes van ander vakke nie.


Uit ondersoeke het ook geblyk dat diegene met beroepsopleiding in die geesteswetenskaplike rigtings in die beroepswêreld nie ten beste aangewend word nie.

Dr. Garbers het ook daarop gewys dat ten opsigte van universitêre opleiding vir bepaalde beroepe, daar dikwels meningsverskil tussen die werkgewers en die universiteitsdosent bestaan. Die werkgewer wil hê dat die gegradueerde ná sy opleiding vir hom direk en ten volle bruikbaar moet wees. Hy moet alle take kan hanteer.

Die universiteitsdosent wil weer die klem laat val op 'n sterk wetenskaplike vorming sodat die opgeleide persoon in 'n verskeidenheid omstandighede sy voete sal kan vind. Die oplossing lê iewers tussen die twee uiterstes van afrigting vir 'n bepaalde beroep en 'n grondige gerigte wetenskaplike vorming.

Dr. Garbers het gestel dat beroepsopleiding aan 'n universiteit, 'n grondige wetenskaplike opleiding aan die hand van leerstof wat aan die toekomstige beroepsituasie ontleen is, aan die student moet gee; studente spesifiek geleer moet word om wetenskaplike insigte as sodanig in die praktyk te kan toepas om voortdurend by veranderde omstandighede te kan aanpas deur onder andere navorsingsbevindinge te kan toepas en gebruik en 'n toekomsgerigtheid aan te kweek.

As gevolg van die snelle veranderings wat plaasvind en die snelle veroudering van kennis en praktyke, word voortdurende onderwys, nadat die universiteit verlaat is, as noodsaaklik beskou.



*Mnr. Eric Coetzee is die nuwe primarius van Heimat nadat mnr. Christo de Jager bedank het.*



*Liberalia en Karlien verkeer gesellig tydens 'n kaas-en-wyngeleentheid.*



*Karlien neem hul geskenk van Liberalia in ontvangs. Die manne het besluit om aan Karlien 'n donkie te oorhandig nadat hulle vorige donkie soos mis voor die son verdwyn het.*

# Besembos

Die Besembosredaksie wag aansoeke in vir:
'n Penningmeester
'n Advertensiebestuurder (kommissie word betaal)

Ander persone wat belangstel om met redaksionele werk te help, kan Dirk van Heerden by Klooster (tel. 3468) skakel of 'n boodskap in bussie 16 by die Inligtingsburo laat.

Alle korrespondensie met die Besembos is: Bussie 16, Inligtingsburo.

## Regstelling

**In die vorige Wapad is verkeerdelik berig oor die betaling van losiesgelde. Die studente word deur die universiteit aanspreeklik gehou vir die betaling van losiesgelde en nie deur die Studenteburo nie.**


Spaar 'n sent vir die student



**7 1/2 sent uit elke tien liter brandstof word geskenk aan die Sentrale Studenteraad**

**Gooi nou in by Harold's Volkswagen**

**Kerkstraat 220, Potchefstroom. Tel. 4261**

# die WAPAD

## • Trapkartoer

**Die PU-Trapkartoer wat van 31 Maart tot 15 April duur, behoort landswye belangstelling uit te lok. Die lede van die Trapkarklub beskik oor genoeg inisiatief en deursettingsvermoë om van hierdie wêreldrekordtoer 'n sukses te maak.**

**Belangstellendes kan op Woensdag 2 April hulle steun aan die trappers toon wanneer die trapkarre deur Potchefstroom ry.**

## • Rugby

**Elke student moet meewerk aan die suksesvolle verloop van die rugbywedstryd tussen die PU-eerstespan en die gekombineerde Argentynse Universiteiterugbyspan. Hoewel die spelers van die PU-span belangrike ervaring sal opdoen met hierdie wedstryd, wonder mens of skakeling met Argentynse universiteite uiteindelik sal lei tot nouw kontak op akademiese gebied. Indien dit sou gebeur, sou geld wat aan die uitnodiging en onthaal van die Argentynse rugbyspelers bestee is, ook langtermynvoordele vir die PU inhou.**

## • Eiergooiery

**Die optrede van die Studenteraad teenoor eiergooiers tydens oriëntering is 'n positiewe stap met die oog op dissiplinehandhawing in die toekoms. Hopelik sal dié optrede voornemende eiergooiers vroegtydig van hulle planne laat afsien, sodat mens nie volgende jaar ontbyt van jou baadjie af hoef te eet nie.**

## • Politieke skakeling


**Dit sal interessant wees om te verneem watter besluit deur die kommissie in verband met 'n oorkoepelende politieke organisasie, geneem is. Dit sal moeilik gaan om op informele, ongestruktureerde wyse kontak oor politieke standpunte te maak. Die doel om geleentheid vir beter begrip van persoonlike sienswyses te skep, sal nie sommer prakties geïmplementeer kan word nie. Só 'n organisasie vereis uiteraard uitstekende beplanning om gladde funksionering te verseker.**

## • Intekengeld

**In 'n omsendbrief aan die koshuise vra die penningmeester van Die Wapad verkeerdelik drie rand intekengeld op Die Wapad van elke koshuisinwoner. Beide die koshuisraad en Die Wapad het egter in 1979 besluit op die bedrag van een rand per persoon. Hierdie geld word as geheel uit elke koshuiskas aan Die Wapad betaal. Ons vra om verskoning vir ongerief wat moontlik deur hierdie omsendbrief meegebring is, en spreek die hoop uit dat alle misverstande nou uit die weg geruim is.**

## • Vakansie

**Met die Aprilvakansie op hande, wil Die Wapad alle studente 'n aangename vakansie toewens. Ons hoop dat al die ondernemings en toere van Pukstudente gedurende die reses goed sal afloop.**




GEDULD, GEAGTE DAMES EN HERE VAN DIE KONVOKASIE! HIER IS GENOEG VIR ALMAL, WAG NET U BEURT AF

# Prof. Tjaart praat oor Evangelie

David Swanepoel

**Op Woensdag 19 April het die rektor, Prof. Tjaart van der Walt, die eerste van die interfakultêre lesings onder die nuwe bedeling gelewer. So kon die studente hom weer 'n lesing hoor voordra, 'n behoefte wat al lank bestaan het.**

Die opskrif van die voordrag was eenvoudig: Evangelie. Daar is egter baie vrae wat daaromtrent gestel kan word: Waar het hulle ontstaan? Wat is die Apokriewe evangelies? Wat beteken die Evangelie vir ons vandag?

**1. Die oorsprong van die woord en begrip Evangelie.**

Evangelie kom van die woord "euangélion" wat goeie nuus, blye boodskap beteken. Luther het dit met "juigkreet" vertaal. Die woord is met drie geleenthede gebruik:

Die geboorte van 'n kroonprins, 'n oorwinning in 'n beslissende veldslag en die troonbestyging van 'n nuwe vors. Dit is presies wat die Christelike Evangelie is:

1. Jesus Christus is die Kroonprins wat gebore is. Engele het hierdie blye boodskap verkondig. Hulle het as't ware die Evangelie van die geboorte van die Messias gebring.

2. Die opstanding van Christus was die grootste oorwinning in die wêreldgeskiedenis. Dit is die Evangelie van die oorwinning oor die sonde.

3. Na Sy Hemelvaart het Christus die Hemelse troon bestyg. Alle mag in die hemel en aarde is aan Hom gegee (Matt 28:18).

**2. Die ontstaan van die Evangelies.**

Daar is net een Evangelie, maar vier skrywers. Hulle het almal ontstaan a.g.v. die inspirasie (Latyn vir "inblasing") van die Heilige Gees. Jesus Christus, die mens, was natuurlik die oorsprong. Hy het dit met die mond gepreek. Later sou Sy dissipels dit met die pen verder uitdra.

Aanvanklik is slegs gedeeltes van die Evangelies neergeskryf. Gelykenisse, toesprake van Christus, soos die Bergrede, en beskrywings van gebeurtenisse is opgeteken.

Die oudste volledige Evangelie is die van Markus. Lukas se weergawe is wetenskaplik saamgestel: hy doen sorgvuldige bronnestudie en hy toets sy getuienis waar moontlik.

Johannes se beskrywing is ietwat anders as die eerste drie (die sg Sinoptici) en is heelwat later as die ander geskryf om as aanvulling te dien.

**3. Die teks van die Evangelies.**

Geeneen van die oorspronklike manuskripte is vandag meer behoue nie. Daar is egter 'n magdom ander papirusrolle tot die beskikking van die Tekskritikus en Teoloog. Moderne hulpmiddele soos die rekenaar en die Koolstof-14-dateringstegniek word ingespan om dit te verwerk en te help vertolk. Die sekerheidsfaktor van ons huidige tekste word op 99,95% bereken. Die orige persentasie is ook te wyte aan blote taal- en stylverskille.

**4. Die apokriewe evangelies.**

Heelwat valse evangelies het ontstaan, hoofsaaklik om die gaping tussen Christus se geboorte en Sy dertigste jaar te vul. Van hierdie tydperk is net een episode, nl toe Hy twaalf jaar oud was, bekend. Hierdie geskrifte is egter bisarre fantasië wat Jesus as 'n sensasionele wonderdoener voorstel. Hulle is verdraaiinge en verskil heeltemal van die eenvoudige, nugtere ware Evangelies.

**5. Die taak van die Evangeliese Christen vandag.**

Ons roeping is steeds om die Evangelie uit te dra, "Briewe van Christus te wees" (2 Kor 2:3). Eers as ons van aangesig tot aangesig met Christus kom, sal die nuwe hemel en die nuwe aarde self Sy lof verkondig.

# Politieke organisasies ondersoek

**Die SSR van die PU het 'n kommissie aangestel bestaande uit mnre. Theuns Eloff, Jan-Louis du Plooy, Jan Kroeze en Josef Kruger, om ondersoek in te stel na die moontlike stigting van 'n oorkoepelende politieke organisasie vir studente van alle kampusse.**

Die plan is om kontak te maak met studenteleiers van al die kampusse in die land om sodoende op losse voet, ongestruktureerd met mekaar te praat. Geen besluite hoef geneem te word nie en konsensus hoef nie noodwendig bereik te word nie. Standpunte wat gestel word sal die persone se individuele standpunte wees. Die doel is die geleentheid te skep om mekaar se standpunte beter te verstaan. Op die oomblik is daar geen kontak tussen al die verskillende universiteite nie.

Hierdie is nie bedoel om 'n teenvoeter vir die ASB of NUSAS te wees nie. Lidmaatskap van die ASB, NUSAS of enige ander organisasie, sal nie geraak word nie. Slegs studenteleiers van wit, bruin en swart universiteite sal egter eers betrek word.

Die aangestelde kommissie doen egter nog eers ondersoek na die moontlikheid en/of wenslikheid, werkbaarheid, en praktiese implementering van so 'n organisasie. Die SSR van die PU sal standpunt inneem op grond van die aanbevelings van die kommissie.

# Uit die Woord

## Die Opstanding van die vlees

**1 Kor 15:34-53**

Elke Sondag bely ons as Christene: "Ek glo aan die wederopstanding van die vlees." Dit is alleen deur die geloof aanvaarbaar en nie iets wat wetenskaplik bewys kan word nie.

**Daar is 'n opstanding van die liggaam**

In die brief van Paulus aan die gemeente van Korinthe gee God die antwoord oor die feit van die opstanding.

Ons opstanding rus in Christus se opstanding. Sy opstanding is die basis, die fondament van ons opstanding met Sy Wederkoms. Hy was die eersteling. Ons almal het in Adam gesterwe maar is in Christus lewend gemaak. Almal wat in Hom glo sal opstaan tot die ewige lewe maar die ongelowiges sal opstaan tot die ewige verdoemenis.

Ons sal opgewek word deur die krag van Christus. Ons sal in heerlikheid opstaan om aan Hom gelykvormig te wees as Hy kom om te oordeel die lewende en die dode. Dan sal Hy ons liggaam en siel verenig.

**Dit is vir die gelowige 'n heerlike troos**

Daar kom 'n dag van blydskap, die dag wanneer ons uit die dood sal opstaan in alle heerlikheid. Geen sonde of dood, geen verganklikheid of sterflikheid, geen siekte of ellende of pyn.

Ons liggaam word gesaai in verganklikheid en opgewek in heerlikheid. Daar word gesaai in swakheid en opgewek in krag. 'n Natuurlike liggaam word gesaai en 'n geestelike liggaam word opgewek. In heerlikheid sal die gelowige lewe by sy Hemelse Vader, Onse Here.

# Studente krap koppe oor goud

**Die beplanning van Suid-Afrika se fabelagtige inkomste uit goud, is een van die belangrikste vrae wat die Minister van Finansies, senator Owen Horwood in sy Begrotingstoespraak van 26 Maart behandel het.**

Hierdie vraag is ook gevra aan die deelnemers aan die jaarlikse begrotingsrede-wedstryd wat deur Nedbank-Ou Mutual uitgeskryf word.

Die kompetisie word aan elk van Suid-Afrika se sewentien kampusse uitgeskryf.

Die wenners op die PU-kampus vir 1980 was: Mej. A. Pretorius, 'n 2de jaar student, Mej. S. Ferreira, 'n 2de jaar student en mnr. J. Walters, 'n honneurs-student.

Die student wat die eerste prys verower, kry die geleentheid om saam met sy dosent na die Begrotingsrede in die parlement te gaan luister.

Die sewentien wenners en hul leermeesters sal ook saam met senator Horwood en dr. S.W. van der Merwe, die Minister van Nywerheidswese, Handel en Verbruikersake, gaan eet.

Enige student van enige fakulteit is welkom om aan die kompetisie deel te neem en na afloop van die onderskeie kompetisies word 'n algehele wenner aangewys.

Die onderwerp van die Begrotingsredewedstryd word elke jaar deur Nedbank se Ekonomiese Eenheid opgestel om studente se begrip van Suid-Afrika se ingewikkelde ekonomiese vraagstukke te toets.



*Mej. A. Pretorius, mej. S. Ferreira en mnr. J. Walters, is die wenners van die Begrotingswedstryd-kompetisie wat deur Nedbank-Old Mutual uitgeskryf is. By hulle is mev. A. Olivier, die Bestuurderes van Nedbank-Bult en Prof. D.S. van der Merwe.*

# Studente nie onbetrokke

**Die tweede sitting van die PU-studenteparlement het onlangs plaasgevind. Die vraag was of partypolitiek op die kampus toegelaat moet word of nie.**

Een parlementslid het gesê dat die politiek-onbetrokke mens 'n landsverraaier is. Daarom moet die beoefening van partypolitiek wel op die kampus toegelaat word. Ter ondersteuning hiervan het 'n ander spreker daarop gewys dat die ouer geslag vandag die dinamiese element uitmaak terwyl die jeug, die student se opvattinge as gevolg van gebrek aan politieke insig, stagnant is.

Aan die ander kant het 'n spreker opgemerk dat 'n politieke gesprek eendag byna op 'n vuisslanery in sy koshuis uitgeloop het. As gevolg daarvan is die goeie atmosfeer in die koshuis versteur en sal hy liewer wil sien dat partypolitiek buite die kampus bedryf moet word.

Aan die einde van die vergadering is 'n mosie aangeneem waarin besluit is dat partypolitiek op die kampus wenslik is, aangesien die studente nie onbetrokke mag wees as dit by politiek kom nie.

# Akademiese Raad kies nuwe voorsitter

**Nadat die uitslae van die vorige Akademiese raadsverkiesing vanweë administrasie as nietig verklaar is, is mej. Irma J. van Rensenburg onbestrede tot voorsitster van die Akademiese Raad verkies.**

Die tussenverkiesing van die Raad vind op Woensdag 2 April in die kleinsitkamer van die Studentesentrum plaas. Die verkiesing van die ondervoorsitter en penningmeester sal van 07h00 tot 19h30 gehou word.

Vir ondervoorsitter staan mnre. De Villiers Nagel en Hansie Vermeulen en vir penningmeester mnre. Hansie Vermeulen en Christo Swanepoel.

Alle lede van die koukus van die Akademiese Raad het stemreg en stemreglyste sal vooraf op die kennisgewingborde opgeplak word.

# R10 000

**'n Tjek van R10 000 vir 'n leeslaboratorium vir ander etniese groepe is op 26 Maart deur mnr. Casper Squier, skakelbeampte van Mobil Suid-Afrika, aan die PU vir CHO oorhandig.**



*Hierdie motors is deur Hoppy Motors van Vanderbijlpark aan die Vaalrivierse tak van die PU geskenk. Op die foto verskyn Prof. Tjaart van der Walt, Prof. T. van Dyk, hoof van die Vaalrivierse tak, en mnr. Kobus Davids, eienaar van Hoppy Motors.*

# Parkeerterreine vir dagstudente

**Daar is twee parkeerterreine wat op die oomblik beskikbaar is vir gebruik deur die dagstudente. Dit is naamlik die terrein aan die spoor se kant by Thaba-Jäh en dié aan Tomstraat se kant by die nuwe Biologiese Wetenskappe-gebou. Al die ander parkeerterreine is uitsluitlik vir gebruik deur die personeel.**

Die Departement van Sekuriteit van die Universiteit het gesê die nuwe parkeerterrein by die Studentesentrum, die terrein by die Departement Spraakleer en Drama en dié by die nuwe Ekonomiese Wetenskappe-gebou, word bedags nog onderbeset. Personeel word gevra om gebruik te maak van dié terreine, eerder as om by die oorbesette terreine parkeerplek te probeer kry.

# Koffiemasjiene geïnstalleer

**'n Proefneming is gedoen met die oog op die installering van koffiemasjiene in koshuise. Daar is gevind dat dit 'n ekonomiese metode is.**

Die masjiene verskaf vier-en-twintig uur per dag vars koffie aan die koshuisinwoners. Dit vervang die koffie en tee wat in die koshuise bedien word.

Met die ou metode is baie koffie en tee vermors. Die apparaat verskaf slegs die regte hoeveelheid koffie en tee.

Alhoewel die apparaat die hele dag elektrisiteit gebruik, word daar tog bespaar, omdat dit dieselfde element as 'n ketel het. Studente bespaar persoonlik, omdat eie tee en koffie nie gebruik hoef te word nie.

Studente moet 'n bydrae maak indien hul koshuise die apparaat wil aanskaf, omdat daar nie vir die apparaat begroot is nie. Sodra die bydraes gereed is, word die apparaat geïnstalleer.

Mnr. Briel van koshuisadministrasie het die idee om koffiemasjiene in koshuise te installeer, voorgestel.



*Koshuisinwoners versterk hul innerlike met die inhoud van die koffiemasjien. Studente is ingenome met die heerlike vars koffie en tee.*


**Die sleutel tot 'n goedkoper ryding is een van**



**ELCON MOTORS se gebruikte motors**

250 GOEIE, GEBRUIKTE MOTORS ALTYD IN VOORRAAD WAARUIT JY KAN KIES

ENIGE FABRIKAAT

SPESIALE AFBETAALVOORWAARDES VIR STUDENTE

Kom gesels met At Jacobs, Pieter Schimpers, Hennie van Rensburg, Piet Loubser, Frank Lewis of Duif Voges by RIVIERSTRAAT 82 of skakel 2-3886/7/8

# tandem

## Deur beplanning kan nuwe modes ook goedkoop wees

# MODE '80

**'n Nuwe dekade — 'n nuwe seisoen — 'n nuwe klerekas? Die wreedheid van die saak is dat jy nog dieselfde beursie het.**

Besef dat kwaliteit hierdie winter van die grootste belang is. Spandeer liewer 'n bietjie meer en kry waarde vir jou geld. Koop eerder minder klere en bekom gehalte en elegansie.

Ons leef in 'n tyd waar die pryse van feitlik alle goedere en dienste skerp stygings toon. Dit geld ook vir klere.

**Koop slimmer**

Om in jou klere te belê, beteken slegs dat jy slimmer moet koop. Dit is veel beter, en goedkoper, om een uitstaande pakkie te hê as twee tweederangse kledingstukke. Dit kan na enige geleentheid aangetrek word deur bloot 'n ander bloes of oortrektrui daarby te dra. 'n Rok wat met sorg uitgesoek is, kan ewe geskik wees vir die oggend of aand deur die bykomstighede te verwissel.

En dink hoeveel plesier gee dit. Dieselfde geld vir 'n manspak. Deur twee of drie bypassende hemde en dasse daarby te dra, het jy elke keer 'n ander, maar steeds smaakvolle voorkoms.

Die belangrikste om te onthou wanneer jy klere koop, is om waarde vir jou geld te kry. Die goedkoopste kledingstuk is dikwels nie die beste kopie nie. Minder, beter gehalte klere is die antwoord. Kyk deeglik na die materiaal en afwerking. Hoe meer klassiek en veelsydig die kledingstuk is, hoe belangriker is dit om die beste te koop wat jy kan bekostig.

Neem jou tyd as jy klere aanpas. Vra jouself af: Is dit reg vir my? Hoeveel waarde gaan ek daaruit kry? Hoe pas dit my? Voel ek werklik gemaklik daarin? Hoe pas dit by my ander klere? As dit baie duur is — kan dit aanpas by mode veranderings? As jy nie werklik seker is nie, besin daaroor.

Jy hoef nie te dink dit is net eksklusiewe boetieks wat kwaliteit aanhou nie. Die groot kettingwinkels kan, as gevolg van groot bestellings en goeie kwaliteitskontrole aan die verbruiker goeie klere lewer teen baie laer pryse.

Besluit nou hoe jy hierdie winter wil lyk. Die beste is om eers al jou ou klere te organiseer. Kyk alles deur. Probeer nuwe kombinasies — dit kan werk. Maak dan 'n lys van klere wat verander kan word. Neem klere droogskoonmaker toe. Vergeet die ou gesegde "gooi weg wat jy nie meer dra nie". Ou modes kom wel weer terug. Gooi net die goedkoop goed weg wat jy haat.

Vergeet op hierdie stadium van enige iets met blommetjies of valletjies. Wye flappende broeke en klere met volheid is ook heeltemal uit.

**Hoofelemente in wintersdrag**

Die vier hoofelemente van hierdie winter is baadjiepakke, breidrag, plooitjies en langbroeke. Die klem val op die getailleerde voorkoms en dit is 'n mode wat 'n paar seisoene nuut sal bly.

Die nuwe voorkoms vir die werkende of studerende meisie is elegant, prakties en netjies. Afronding met min detail is belangrik. Die meng-en-pasmetode van aantrek is steeds in die mode: rompe, bloeses, rokke en truie.

Die kleure vir die winter is swart, grys, wynrooi, pruim, beskiekleure, diep rooie, kaneel, mosterd, koper en roes.

Die belangrikste kledingstuk in elke modebewuste meisie se klerekas vir Winter '80, is 'n baadjiepak. Daar rondom kan jou verdere uitrustings dan beplan word. Die algemene voorskrifte vir so 'n tweestuk is: breë skouers; nou middeltjies; kort baadjies met klein kragies, of lang baadjies met smal gerolde lapelle; nouer rompe met splete en effens korter. Die tydlose baadjiepak in alle variasies van style is steeds 'n herlewing van die veertigerjare.

Jasse is ook belangrik vir die winterkoue. Meestal van driekwartlengte om oor baadjiepakke, rokke, nou rompe en broeke te dra. Die style is getailleerd en eenvoudig — amper militaristies, met breë skouers, bonkige snit, baie sakke en opslaankrae. Dit word lossies gedra of oormekaar geslaan en vasgegordel.

Vir rokke is die lyne eenvoudig en regaf. Die pop-kuns se asimmetrie het 'n groot invloed op die ontwerpe: diagonale lyne en teenstellende kleure.

Daar is 'n hele paar variasies vir langbroeke: die bekende regaf pype en noupassende ontwerp; mesplooie in die middellyn en dan die nuwe pofbroeke, wat nou na ondertoe pas.

Materiale wat die meeste gebruik word vir Winter '80 is koordfluweel, wol, fluweel, tweed en dan vir bloeses, fyner materiale soos sy.

Een van die hoogtepunte van hierdie seisoen is die Wilde Weste-voorkoms. Dit is informeel, met 'n tikkie gewaagdheid: pof denimbroeke wat in kuitlengte-stewels gedruk word, geruite manshemde, breë seinture en 'n Cowboy-hoed. Dit is gerieflike ontspanningsdrag. Verder is daar weer wit valle wat onder geruite rompe uitsteek.

**Elegansie**

Omdat elegansie die bo-toon vóór hierdie seisoen is bykomstighede ook uiters smaakvol, en word dit tot die minimum beperk. Middeltjies word beklemtoon deur breë seinture en gordels. Daar is 'n verskeidenheid seinture: sagte knoopgordels van leer; plastiek in alle kleure en tougordels met groot gespes. Die klem val op klein handsakke wat net die nodigste hou.

Skoene is uiters belangrik vir die perfekte afronding van 'n uitrusting. Daar is meestal hofskoene in al die modekleure, met of sonder 'n ooptoon. Hakke is steeds hoog en daar is detail op die voorkant: blaarmotiewe en stikselpatrone.

Wat dus hierdie seisoen die heel belangrikste is, is nie net WAT jy dra nie, maar HOE. Met verbeelding, goeie smaak en inspirasie kan jy dié mode net die beste gebruik.

**Wintervoorkoms vir mans**

Vir die man is die wintervoorkoms vanjaar informeel en tog kosmopolities. Breistof met interessante detail is hoogmode. Tweed is 'n staatmaker. Dit is ryk aan voorkoms, maar tog informeel. Die belangrikste kleure is leiklip, grys, heide, eiervrug, toffie en pruimkleur.

'n Gemaklike tweestuk is baie prakties. Detail soos saalsteek maak die pak meer interessant. Smal dasse, klein kragies vir hemde, korter baadjies sonder splete werk alles saam vir die elegante, informele effek.

Broeke het nouer, regaf pype, met of sonder plooitjies en omslae. Geruite hemde, Cowboy-stewels, V-nek-truie, seinture — al hierdie bestanddele werk saam vir 'n wintervoorkoms wat spreek van kwaliteit, informeel maar smaakvol.

Beplan dus deeglik, koop oordeelkundig, koop gehalte en bou 'n klerekas vir die tagtigerjare — gemaklike weelde met informele elegansie.


DEBBIE'S-MATERIALE

Checkers-sentrum 4A

Materiale en patrone.

Jongste style en modes.

Materiale te kies en te keur.

KORTING VIR STUDENTE.


## Kerk van Skintologie toon vooruitgang

**Die kerk van Skintologie het 'n groot stoot vorentoe gekry met die erkenning van dié kerk as 'n godsdiens deur 'n Franse appèlhof.**

'n Woordvoerder van die kerk van Skintologie in Suid-Afrika het gesê dat geen saak teen Skintologie is nie en dat die hofsaak teen die leiers van die kerk in Frankryk teen die kerk self gemik was. Daar is valse gerugte versprei deur Interpol wat tot die saak aanleiding gegee het.

Die woordvoerder het gesê die aanval op die kerk is deel van die antigodsdienstige tendens in die wêreld.

## Nuwe motor vir prof. Tjaart

**'n Mercedes Benz 350 SE is vir die jaar 1980 deur Mooirivier Motors aan Prof. Tjaart van der Walt oorhandig. Volgende jaar kan dié ampsmotor vir 'n nuwe omgeruil word.**

Mooirivier Motors het die motor gelisensieer en net die assuransie, petrol- en onderhoudskoste word deur die PU gedra.

Die oorhandiging van die ampsmotor het op 18 Maart by die rektorswoning plaasgevind.


Ons Spens

MET HIERDIE ADVERTENSIE KRU U 10% KORTING OP U ETE

ONS BIED VOORGEREGTE, ROOSTERGEREGTE, BURGERS, VISGEREGTE, 'N VERSKEIDENHEID SLAAIE EN LIGTE VERVERSINGS AAN

KOM KUIER GERUS

| | | |
|---|---|---|
| TYE: | MAAN.-VRY. | 9vm. — 10 nm. |
| | SAT. | 9 vm. — 2.30 nm. |
| | | 6 nm. — 10 nm. |
| | SON. | 11.20 vm. — 2.30 nm. |
| | | 6 nm. — 10 nm. |

BUKANA-BOEKWINKEL

Checkers-sentrum 12A
Tel. 24447

Kaartjies vir alle geleenthede.
Bybels in ALLE tale!!
Klein geskenkies.
'n Snuffelplekkie vir 'n student.



# Tjorts

**Ek stap na hom toe waar hy daar alleen by 'n tafeltjie sit, en glo dit nou maar as jy wil, hy sit daar en gesels met homself dat dit so gons. Ek vra hom toe wat dan fout is. "Not," sê hy, "dis net dat ek van intelligente geselskap hou."**

Dan neem hy die stuk tou wat voor hom op die tafel lê en sê vir my dat hy my agt dinge gaan wys wat hy met 'n tou kan doen. En enigiemand kan dit met 'n tou doen.

no. 1 Koop die tou.
no. 2 Knoop dit 'n slag.
no. 3 Maak nog 'n knoop in die tou.
no. 4 en 5 As dit nog lank genoeg is, maak nog 'n derde knoop in die tou en as dit nie meer lank genoeg is nie, maak een van die vorige knope los.
no. 6 Maak nou die res van die knope los.
no. 7 Neem nou 'n opgerolde koerant en slaan die tou op die grond rond.
no. 8 Gooi die tou dadelik weg.

Presies agt.

Dis net soos die slag toe ek half verdrink en heeltemal hulpeloos in die Atlantiese Oseaan rond gedobber en gedryf het. Nat, honger en koud van die ses weke se in die water wees. Jy weet mos ek was in die vloot, man.

Gelukkig vir my kom daar toe 'n olietenkskip verby, en hulle het my uit my verknorsing gered. Anders het ek nie nou hier gesit en wyshede kwytraak nie. Na 'n beker warm sop en met 'n paar komberse oor my, het die kaptein my toe later kom uitvra oor waar, wie, wat, hoe, watter, waarom, hoekom en hoe lank. Nee, sê ek, ek is van Suid-Afrika en my naam is Tjorts, en ek het aangesluit by die Vloot. Ek is aangesê om op 'n duikboot te werk. Ek moes die dek skrop. Tot die dag to ek daar op die dek 'n sigaretjie gestaan en rook het.

Skielik het die kaptein sy kop by die luik uitgesteek en geskree: "Duik, duik!" Ek het. Ek was ook wragtie net gelukkig, want ek was net weg toe ek sien hoe die dekselse duikboot stadig onder die water weg sink!

**TJORTS**

**Vir die gedagtes in die**
**baarmoeder van my hart**
**is daar nie woorde voldoende**
**om daaraan geboorte te gee nie**
**en lui en lomp lê my hand**
**verwyder van 'n pen**
**wat wurg in drooggeworde ink.**



*'n Gimnastiekafrigterskursus is onlangs by die PU aangebied. Nóg 'n damesafrigterskursus word op 19 April hier aangebied. Kennis van gimnastiek in Wes-Transvaal word hierdeur bevorder. Op die foto kan gesien word hoe 'n afrigter hulp verleen aan 'n gimnas. Navrae kan by mnr. P. Louw gedoen word.*

# Tennis begin jaar goed

**Die tennisjaar 1980 is op baie goeie voet begin. Einde Februarie is die eerstejaarskampioenskappe op 'n rondomtalie basis afgehandel. Die wenners was Henk Boshoff en Ansie Ellis.**


Die meeste van die PU vir CHO se topspelers het die Universiteit die einde van verlede jaar verlaat, maar 'n aantal nuwe spelers en speelsters het reeds hul staal gewys. Nuwe persone op die tennisbaan is Henk Boshoff, Danie Theron, Gerhard van Niekerk, Derek Pienaar, John Laubscher, Elsie Karff, Ansie Ellis, Ansie Steenkamp en Marietjie Kok. Daar word puik vertonings van die nuwelinge verwag.

Om vanjaar by die tennisklub aan te sluit, gaan die studente R10 uit die sak jaag, maar sonder die ledekaartjie, wat by Dirk de Vos (Sportburo) verkrygbaar is, mag geen student op die tennisbane kom nie. Dié kaartjie moet tennisspelers en -speelsters te alle tye vergesel.

Op 15 Maart en Saterdag 22 Maart is die PU-Tenniskampioenskappe afgehandel. Elbé Kruger het 'n driekuns behaal deur die dames-enkel-, die damesdubbel- en die gemengde spel te wen. Sy het Wilma Marx, 1979 se kampioene, in die eindstryd van die enkelspel met 7/5 en 6/3 verslaan. Saam met Wilma Marx het Elbé die damesdubbelspel gewen en saam met Benjamin Smith het sy die gemengde spel ook ingepalm.

In die mansafdeling het Vic Joyce die enkelspel teen Hannes Benson met 6/4, 4/6 en 6/2 gewen, terwyl Benjamin Smith en Derek Pienaar die mansdubbelspel gewen het. Hulle het met Vic Joyce en Hannes Benson afgereken en die telling was 7/5 en 6/0. 'n Braaivleis is ná die kampioenskappe aangebied vir alle spelers en speelsters.

Die tennisklub beplan interessante byeenkomste vir dié jaar. Daar word later 'n tennishuisie vir die studente aangebou. 'n Aangename en suksesvolle jaar word alle belangstellende tennisspelers toegewens.



*Fielies Kotze gaan Wes-Transvaal verteenwoordig op die Suid-Afrikaanse o/21-kampioenskappe op Potchefstroom. Hy gaan aan die 400m deelneem.*

# Kort sport

**KRIEKET:**

Over de Voor het vir die tweede agtereenvolgende jaar die koshuiskrieketliga gewen. In die finale rondte het hulle teen Caput te staan gekom. Overs het 107 lopies vir 5 paaltjies behaal nadat Caput 106 lopies vir almal uit gekry het. Die finale stand van koshuise lyk dan soos volg:
1. Overs; 2. Caput; 3. Klooster; 4. Villagers; 5. Amajuba; 6. Drakenstein; 7. Hombré en 8. Dawie Dup.

**RUGBY:**

Die koshuisliga se eerste wedstryde vind op Saterdag 29 Maart plaas. Studente word versoek om hul gunstelingspanne te gaan aanmoedig.

**TOUTREK:**

Die toutrekspan van die PU vir CHO het baie goed gevaar tydens die Noord-Transvaalse ligabyeenkoms en hulle gaan op Saterdag 29 Maart aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Bloemfontein deelneem.

**PU-KRIEKET:**

Na 'n baie geslaagde seisoen het die PU se eerste krieketspan tweede in die Premier-liga geëindig nadat die Ibbies die beker in die eerste liga gewen het.

**BINNEMUURSE HOKKIE:**

Op Woensdag 19 Maart het spanne van ons Universiteit teen RAU gaan speel. Die PUKKE het goed vertoon teen die Raukies, wat dié spel al jare lank speel. RAU se binnemuurse baan was egter van 'n baie swakker gehalte as dié van die PU vir CHO. Die tellings was soos volg:

Dames: PU se eerste span wen RAU se eerste span met 7 doele teen 3. PU se tweede span wen die tweede span van RAU met 7 doele teen 4.

Mans: Die eerste span van die PU verloor teen die eerste span van RAU met 4 doele teen 11. Die PU se tweede span klop die tweede span van RAU met 7 doele teen 3.

**NETBAL:**

Die PU se eerste en tweede spanne sien soos volg daar uit:
Doele: Rina Papenfus; Elmarie Taljaard; Alvira Viljoen; Ella Prinsloo.
Senters: Lynette Smith; Rina Greyling; Adri Olivier; Betty van Loggerenberg; Christa du Plessis; Janet Ferreira.
Verdedigsters: Soekie van der Merwe; Ada Beyleveld; Hettie Venter; Marina Lanuschagne en Lacia Flemming.

Die ligawedstryde begin op 26 April.

**Ondersteun ons Adverteerders**

**Mooi meisies en blomme pas bymekaar.....**
**Vir die roos van jou hart is daar:**
VARS SNYBLOMME
RUIKERS
POTPLANTE
DROË RANGSKIKKINGS
KUNSBLOMME
ORNAMENTE, ens.
**huis & tuin**
**Tomstraat 82b, Die Bult Tel. 4641**

**Oulike koppies vir sleeptyd**



en talle ander aardigheidjies om 'n eerstejaar se kamer interessant te maak. Rakke vol van die oulikste goed om 'n dierbare maat se hart bly te maak. Net langs die INSLEEP-KAFEE.

**Insleep** -geskenkwinkel Gift Shop
TOMSTRAAT 100 TELEFOON 2-1033

**guys & dolls**
vat dit kop toe!






Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haargolwing: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike krulle! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens!
Die uwe,
GUYS & DOLLS, Tomstr. 82, tel. 8071.




# Pukke gekies vir Kampioenskappe




*Roelie Cronjé gaan aan die 1 500m-wedloop deelneem tydens die Suid-Afrikaanse o/21-kampioenskappe.*




*Cilliers Botha is gekies om Wes-Transvaal te verteenwoordig op die Suid-Afrikaanse o/21- sowel as Senior Kampioenskappe. Hy gaan aan die verspringitems deelneem.*

**Die ondergenoemde PU-atlete is gekies om Wes-Transvaal te verteenwoordig op die Suid-Afrikaanse Junior Kampioenskappe op Germiston. Die byeenkoms vind plaas op Vrydag 28 Maart en op Saterdag 29 Maart.**

Dames: Barbara Kuhn (100m hekkies en verspring); Marí Buys (1 500m en 3 000m); Retha Hall (hoogspring).

Mans: Stefan Greyling (400m en 800m); Fanus Botha (paalspring); Marius van Wyk (verspring); André Nel (110m-hekkies) en Johan de Jager (10 km-stap).

Die ondergenoemde PU-atlete is gekies om aan die Suid-Afrikaanse o/21-kampioenskappe hier op Potchefstroom deel te neem. Die kampioenskappe sal op Saterdag 5 April hier op die sintetiese Kenneth McArthur-baan plaasvind:

Mans: Johan de Jager (stap); Willem Coetzee (gewigstoot); Nici du Plessis (800m); Stefan Greyling (800m en 400m); Tim Coetzer (100m en 200m); Gerald Grey (100m en 200m); Innus van Rooyen (100m en 200m); Cilliers Botha (verspring); Marius van Wyk (verspring); Fielies Kotze (400m); Fanus Botha (paalspring); Danie Marx (hoogspring); Jurie van der Walt (110m-hekkies); André Nel (110m-hekkies); Piet Hoogenboesem (spiesgooi); Jaco Hoogenboesem (spiesgooi); Roelie Cronjé (1 500m).

Dames: Retha Hall (hoogspring); Petro Fourie (400m); Leonie Smit (400m en 200m); Barbara Kuhn (verspring en 100m-hekkies); Christine Bench (gewigstoot en skyfwerp); Marí Buys (1 500m en 3 000m).

Die ondergenoemde atlete is in die voorlopige senior span wat op 11 en 12 April aan die Suid-Afrikaanse Senior Kampioenskappe in Port Elizabeth sal deelneem:

Mans: Tommy Ferreira (400m hekkies); Innus van Rooyen (100m en 200m); Jurie van der Walt (110m-hekkies); Piet Goosen (skyfwerp en gewigstoot); Hentie Badenhorst (20 km-stap); Fanie Campher (drie-sprong); Dawie Malan (paalspring); Cilliers Botha (verspring).

Dames: Leonie Smit (400m- en 400m-hekkies); Petro Fourie (200m en 400m); Estie van der Merwe (hoogspring); Retha Hall (hoogspring); Marí Buys (3 000m) en Isabel Campher.

Al die atlete word suksesvolle kampioenskappe toegewens. Mag beide atleet en afrigter vanjaar die vrugte pluk van al die harde werk die afgelope seisoen.



*Anette Theron het tydens 'n interprovinsiale muurbaltoernooi op Newcastle al drie haar wedstryde met gemak gewen.*



*Vic Joyce is die algehele mans wenner van die mans enkelspel gespeel tydens die PU-kampioenskappe op Saterdag 22 Maart.*

# Vertoonspan oefen

**Ongeveer twintig mans- en tien damestudente van die PU vir CHO se L.O.-departement oefen elke Dinsdagaand van 18h30 tot 21h00 onder die toesig en leiding van mnr. Spamer en mej. Brewis. Dié groepie studente staan bekend as die Universiteit se L.O.-vertoonspan en hul lewer gereeld puik vertonings aan die publiek.**

Die vertoonspan toer elke siasme moet net daar wees. Bewegings en items wat gelewer word, sal in enige L.O.-student se smaak val.

Die Universiteit se vertoonspan is die enigste groep in Suid-Afrika wat tot dusver die 5-rigting-kruistuimel met sukses kon uitvoer. Asof dit nie genoeg is nie, is die span tans besig om die 6-rigting-kruistuimelbeweging in te oefen!



*Hier kan 'n mens duidelik sien hoe ingewikkeld die 5-rigting-kruistuimelbeweging is. Kyk hoe presies en puik word dit deur die vertoonspan uitgevoer.*

jaar en besoeke is al afgelê in Suidwes-Afrika, Oos-Transvaal, die Kaapprovinsie en Natal. Kleiner plekkies soos Vereeniging en Parys word meer dikwels besoek.

Daar word gesoek na nog damestudente wat belangstel in dié sportsoort. 'n Mens hoef nie 'n puik gimnas te wees om by die vertoonspan aan te sluit nie, die belangstelling en entoe-

Damestudente aan die L.O.-departement wat enigsins in die vertoonspan se bedrywighede belangstel, moet so gou as moontlik met mnr. Spamer of mej. Brewis in verbinding tree.

Die vertoonspan is een van die Universiteit se vernaamste ambassadeurs en die naam van die PU vir CHO is al met trots op verplekke deur hulle uitgedra.